# Groepsliturgie
# 29 Maart 2020

ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...



1. **Kom tot rus in God se teenwoordigheid**
   - Laat iemand Psalm 130:5-8 lees

     5 Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die verulling van sy woord. 6 Ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag, wagte op die môre. 7 Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker. 8 Hy alleen sal Israel verlos van al sy sondes.

2. **Aanbid Hom as Vader, Seun en Heilige Gees**
   - Sing as huis/groep Lied 450 saam as gebed...
   - ons Gemeentesang-weergawe van hierdie lied is beskikbaar by https://www.youtube.com/watch?v=UxRQEOKE0j4

     1 Vader, Seun, Heil'ge Gees, hoe sal ons u heerlikheid
     kan verwoord, u lof besing met 'n aardse stem?
     Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
     Eer ons God as Majesteit, loof Hom tot in ewigheid.

     2 Woord uit Woord, Lig uit Lig, kom as mens op aarde.
     Bo begrip, bo ons verstand is u grootheid, Heer.
     Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
     Eer ons God as Majesteit, loof Hom tot in ewigheid.

   - Gesels met mekaar oor God die Vader en Wie Hy vir julle is...
   - Deel met mekaar hoe julle Jesus Christus elke dag ervaar...
   - Gesels oor die manier waarop julle die Heilige Gees beleef...
   - Aanbid en eer Hom as die Here van jull lewe.

3. **Luister na die Woord** – Lees Esegiël 37:1-14 as groep saam

1 Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en neergesit binne-in 'n laagte. Die laagte was vol bene. 2Die Here het my om die bene laat loop, en ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog.

3Toe vra Hy vir my: "Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?" Ek het geantwoord: "Nee, dit weet net U, Here my God."

[4]Hy sê toe vir my: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene! [5]So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe: [6]Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is."

[7]Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is, en terwyl ek dit doen, hoor ek 'n gedreun: die bene het na mekaar toe beweeg, elkeen na die been toe wat by hom pas. [8]Terwyl ek kyk, kom daar senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie. [9]Toe sê die Here vir my: "Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe."

[10]Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het, en toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Dit was 'n baie groot menigte. [11]Die Here het vir my gesê: "Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: 'Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons.'[12]Tree op as profeet, sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek sal julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe. [13]Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is. [14]Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.

**4. Raak stil voor die Here en deel met mekaar**

- Deel met mekaar...
  - Watter woorde het julle opgeval?
  - Watter gedagtes het by julle opgekom?

**5. Luister weer na die Woord vanuit die wêreld**

- In 2005 was daar ‘n TV-reeks genaamd BONES wat gehandel het oor die forensiese patoloog wat allerhande dinge kon aflei uit beendere... hoe oud hulle is, of dit mens of dier s’n was... wat die oorsaak van dood was...
- Hierdie reeks is natuurlik gebasseer op die vakgebied, osteologie, wat die studie van bene is... want bene vertel ‘n storie.
- Beendere vertel van geslag, dieet, siektes, lewensstyl, ouderdom, groeikrag en noem maar op.

**Deel met mekaar wat julle ervaring is van geraamtes of bene**

**Luister/kyk na Lauren Daigle se Come Alive (Dry Bones) by https://www.youtube.com/watch?v=0P4YdXz3LAI**

- Vandag se teks vertel ook van bene... dooie bene. Bene wat ook vertel van ‘n doodse toestand van die volk van die Here.
- Maar die teks vertel ook van die krag van God... wat juis sigbaar word as die dooie bene lewe kry.
- Stel julle nou weer daardie toneel voor... miskien kan julle die teks weer deurlees en dit amper probeer “opvoer” in ‘n toneelstuk.
- Esegiël – *en ek en jy* – word na hierdie vallei vol doodsbeendere geneem. Al wat jy kan sien – en ruik en hoor – is die dood!
- Maar dan begin die Gees en die Woord van God – soos gepraat deur Esegiël – werk... en daar gebeur iets...
- Die dooie bene beweeg na mekaar... dit pas in mekaar... dit kry vleis en senings en spierweefsel.
- En as Esegiël weer praat, dan kom die Gees uit die vier winstreke en blaas lewe in daardie dooies in.
- En dan gee God vir Esegiël die opdrag om namens Hom te praat: “*Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon.”*

**6. Wat nou?**

- Gesels met mekaar oor hoe julle dit ervaar wat tans in Suid-Afrika gebeur? Om vir 21 dae in jou huis te moet bly? Die onsekerheid oor dit wat voorlê? Wat gaan van die ekonomie word? Hoe lyk die skooljaar verder? Wat gaan by jou werk aan?
- Watter goed maak dat julle ook voel asof julle in ‘n vallei vol doodsbene is?
- As kinders van die Here glo en bely ons dat die Here ons wil gebruik om ‘n verskil te maak en hoop te bring... Hoe kan julle as huis/groep dit doen?
- Wie is daardie mense wat op ‘n besondere manier nodig het om weer “lewe” te kry en hoopvol te leef?
- Wat kan julle doen om naby aan Jesus te bly leef?

**7. Antwoord in gebed**

- Dalk voel iemand nou lus om te sê: *My Gees is uitgedor, want dit het vergeet om deur U gevoed te word.*
- Gesels met mekaar oor al die dinge waarvoor julle bang is...
- Bid dan die volgende gebed: *Here, ek smeek U om my te bevry...*
    - *van my vrees vir die onbekende toekoms*
    - *van my vrees vir verlies en hartseer*
    - *van my vrees vir eensaamheid*
    - *van my vrees vir siekte en pyn*
    - *van my vrees vir die dood*
    - *van my vrees vir....*

**8. Bely julle geloof in die woorde van Bavinck, vertaal deur Willem Nicol**

Ons glo in 'n geheimsinnige Iemand wat naby ons is, wat binne-in ons is, wat ons armsalige gespartel en gespook sien, wat ons dan stilletjies vashou en ons ongemerk van binne uit weer innerlike krag gee.
Ons het dit vele male in ons lewe ervaar as ons wegsink en meegevoer word deur die strome van die lewe wat ons na onder wil trek.
Maar ons het ook in beslissende oomblikke in ons lewe ondervind dat ons opgetel en hoog bo die water gedra word.
Daar was oomblikke dat ons ons Bybel sou oopslaan en elke woord daarin vir ons dof en vervelend geklink het.
Maar ons het ook oomblikke beleef waarin die woorde as't ware op ons afspring, waarin dit glinster en ons lewe vul.
En altyd weer was ons oortuig dat daar Iemand in ons moet wees,
Iemand wat ons vashou, Iemand wat ons saggies maar ferm in die arms toevou.
Ons glo daarom in die Heilige Gees... die Gees van die Drie-Enige God!

**9. Verbind jou tot die lewe**

Lees nou die woorde van Lied 531 of sing dit as huis/groep saam voordat julle met die res van die dag aangaan...

1 Ons Here, God van alvermoë,
U sal ons met u guns omvou.
U gee aan blindes nuwe oë,
Heer, U laat hul op U vertrou.
Ons volg getrou u Gees se leiding,
God, U is Heer, U skenk bevryding.

2 Ons harte sing van u genade,
Heer, U is steeds getrou en goed.
Ons prys U vir u reddingsdade,
ons God wat altyd ons behoed.
Ons wy aan U ons hele lewe,
u eer is hier ons hoogste strewe.

SnapScan

PXMP22411

Snap here to pay

**10. Gaan leef tot eer van God en seën mekaar met dié woorde**

Onthou dat die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader en die teenwoordigheid van die Heilige Gees by jou sal wees en bly van nou af en tot in lengte van dae. AMEN

Indien julle 'n offergawe wil gee is julle welkom om dit elektronies saam met julle dankoffer oor te betaal of om ons Snapscan hierbo te gebruik.
Ons het julle offervaardigheid steeds nodig om die gemeente te bedien.

**Gebruik gerus die “template” sodat die kinders vir hulle geraamtes kan maak wat LEWE om verder vandag mee te speel en die boodskap te onthou.**

